Ons hoef nie meer die dood te vrees nie.

Teks: 2 Konings 20: 1 - 19 en Sondag 17
Teksvers: 2 Konings 20: 5

1. Inleiding

Die dood, iets wat vir ons as mense as so finaal ervaar. Tog ook iets wat vrees en miskien ’n bietjie teleurstelling bring. Sien wanneer ’n mens jonk is dink jy nie baie oor die dood nie. Want die dood is iets wat waarskynlik nog ver in die toekoms lê. Maar soos ’n mens ouer word, word die dood ’n werklikheid wat ’n mens meer en meer in die gesig staar.

Daarby natuurlik wanneer dinge nie goed gaan in my lewe nie, dink ek dalk aan die dood. In ’n depressiewe uitkyk op sake wens ek dalk dat ek sterf. Dat ek maar net kan ontvlug uit hierdie moeilike tye waarin ek verkeer uit. Maar dan wanneer dit weer beter begin gaan verdwyn hierdie wens gelukkig. ’n Mens wil darem nou die voorspoed waarvoor daar swaar gekry is ervaar. Is dit nie dikwels die storie van ’n mens se lewe nie. Daar moet hard gewerk word om iets te bereik en sodra dit bereik word sterf ’n mens.

Ons gaan vandag in die prediking fokus op Koning Hiskia van Israel. Iets hiervan is natuurlik ook waar in sy lewe. Hy moes die aanval van die Assiriërs afweer en verskeie terugslae suksesvol die hoof bied. Maar nou dat alles verby is nou gaan hy bloot sterf. Hy gaan nie die kans hê om die vrede wat Jerusalem belewe te geniet nie. Maar dit is waar hierdie geskiedenis uit die Ou Testament juis anders is. Want sien Hiskia gaan nie nou al sterf nie. Kom ons gaan kyk bietjie nader, na lewe uit die dood in 2 Konings 20. Sodat ons gedagtes oor ’n toekoms perspektief ook gevorm kan word deur die skrif.

2. Geleende tyd

Ons fokus vandag uit die kategismus is juis op dit wat gebeur na die dood. Die opstanding uit die dood. Met vraag 45 word ons aandag eintlik vierkantig geplaas op dit wat na die dood gebeur. Maar is dit ons iets wat ons vandag bekommer. Of wil ons almal eintlik maar leef vir die hier en nou. Besef ons egter dat dit alles geleende tyd is.

Dit mag dalk klink na ’n filosofiese gesegde. Maar die waarheid is dat die dood reg van die begin af die loon op die sonde is. En ons weet dat ons almal sondig. Daarom die feit dat ons nie alreeds dood is nie, is alreeds genade. Tog wanneer ons met die werklikheid van die dood gekonfronteer word wil ons vasgryp aan hierdie geleende tyd. Ons doen alles in ons vermoë om te bly lewe. En natuurlik is dit opsig self nie verkeerd nie. Ons word immers juis in opdrag in die sesde gebod beveel om ook lewe te bewaar.

Maar watter lewe is ons besig om te bewaar. Tog sien ons dat Koning Hiskia wat verskeie dinge reg en goed gedoen het in die oë van die Here ook hieraan vasgryp. Hy ween en bid ernstig tot die Here wanneer hy hoor dat hy gaan sterf. Hy probeer selfs ietsie van sy goeie werke voor die Here lê. Maar natuurlik is dit nie die rede waarom Hy gered word nie. Hy word gered om sy voorvader Dawid se ontwil volgens vers 6.

Maar wat meer belangrik is om raak te sien, is dat Hiskia nog genade tyd ontvang. Sy dood word vertraag met vyftien jaar. En om hierdie bonatuurlike genade te bevestig ontvang Hiskia die teken dat die son terugskuif. Die tyd van Hiskia se dood word uitgestel. Hy hoef nie nou al bekommerd te wees oor wat aan die anderkant van die dood wag nie. Daar is tien trappe genade tyd vir Hom bygevoeg.

3. Die uitstel

Tog is dit maklik om te vra hoekom hierdie teksgedeelte. Wat is daar wat hierdie teks uit die Ou Testament verbind aan dit wat ons bely in die kategismus Sondag 17.

En dan is die groot antwoord natuurlik die lewe uit die dood. Sien vir Hiskia is hierdie sterwe ’n gegewe. Sy tyd op aarde is verby. Selfs Jesaja is seker hieroor. Hy het immers in ’n openbaring van God ontvang wat hy nou meedeel aan Koning Hiskia. Koning Hiskia moet sy gesin gaan groet en sy sake in orde kry want hy gaan sterf. Hierdie sweer wat hy

onder lede het is die einde van die pad vir hom.

Maar dan sien ons die genade van die Here so duidelik in hierdie teksgedeelte. In liefde is die Here vir Hiskia barmhartig sien Hy sy opregte trane raak. En besluit die Here dat daar genadiglik nog uitstel gaan wees. Hiskia sal nog vyftien jaar uitstel ontvang. So wonderbaarlik is hierdie genesig dat ons mense van oral sien wat besoek kom aflê by Hiskia.

Dit is hierdie selfde liefde en genade wat die Here aan ons bewys wanneer Hy Sy enigebore Seun nie spaar maar Hom oorgee om geoffer te word vir ons sondes. Christus ontvlug nie die bittere beker van die dood nie. Maar in die dood bly Christus ook nie. Hy staan op uit die dood. En daarom soos vraag 45 dit duidelik antwoord is daar hoop vir ons. Ons sal ook eendag uit die dood opstaan soos Christus. Omdat ons in die geloof in Hom ingeplant is.

En dit is daaroor dat ons nie meer uitstel van ons sterfdatum nodig het nie. Want ons dood is nie die einde nie. Dit is net die deurgang na die ewige lewe by die Here. Die ewige dood is vir ons as gelowiges ewig uitgestel.

4. Seën in die genadetyd

Tog woon en werk ons steeds aan hierdie kant van die dood. En kan ons so maklik vergeet van die Here se genade. Ons fokus kan so maklik in beslag geneem word deur die opgaar van skatte. Soos die skatte waarmee Hiskia so spog by koning Merodak-Baladan van Babel. Die skatte wat later die val van Jerusalem ook te weeg bring.

Hierin is ’n verdere les wat geleer moet word. Ons moet die meeste maak van die genadetyd wat ons nog hier op aarde gegun is. Ons moet eerstens leef met ’n hemelse perspektief. Die opstanding van die Here moet vir ons ’n werklikheid wees. En ons moet so leef elkedag. Ons fokus moet voortdurend op die eer en verheerliking van die Here wees.

Want hierdie tyd waarin ons leef is nie maar bloot uitstel tot ons sterf nie. Nee dit is ook die tyd waarin die Here vir ons nuwe krag en energie gee. Dit is die tyd waarin die Here ook vir ons seën met die gawes en seëninge. Ons moet ook hierdie gawes aanwend tot Sy eer en verheerliking.

Daarby moet ons volhard in gebed en skrifstudie. Dit is nie bloot ’n interessantheid dat Jesaja vertroos word deur Jesaja met die volgende woorde: "jy sal oormôre weer na die huis van die Here toe kan gaan” nie. Dit wys iets van die verhouding wat ons met die Here moet hê. Ook in terme van gereelde erediens bywoning. Want wanneer ons deur gesamentlike lofprysing versterk word kan ons ook weer in ons binnekamer tot die Here roep.

5. Slot

Ons het die preek begin met die fokus op die dood. Daardie saak wat onvermydelik vir ons voorlê. Maar dan sien ons weer die groot troos in hierdie teksgedeelte. Ons kan waarlik uitroep dood waar is jou angel. Ons hoef nie verwoed aan die lewe vas te klou met alles wat ons het nie. Want die Here gee ook aan ons genadetyd soos aan Hiskea. Dit is net dat ons genadetyd ander kant die dood tot in ewigheid strek. Daarom weet ons dat ons veilig in die hande van die Here is, maak nie saak wat met ons gebeur nie.

Maar hierdie wete en vaste vertroue kan ons nie onverantwoordelik laat hier op aarde nie. Ons moet ook hier op aarde voortdurend tot eer en verheerliking van die Here leef. Ons kan nie so vasgevang word in aardse skatte dat ons uiteindelik die hemelse perspektief verloor nie. Kom ons gryp die genade van die Here vas en leef tot Sy eer en verheerliking.

Laastens leer ons uit Hiskia se geskiedenis iets van die verhouding met die Here. Hy leef alreeds in die Ou Testament in ’n baie noue verhouding met die Here. Ons leef vandag in die weg wat Christus vir ons gebaan het deur Sy sterwe en opstanding. Ons het vrye toegang tot die Vader op grond van dit wat Christus vir ons verdien het. As Hiskia dan in so ’n noue verhouding tot die Vader geleef het, hoeveel te meer moet ons nie. God was bereid om vir Hiskia die son tien trappe terug te skuif, vir my en jou het Hy Sy eniggebore Seun laat sterf en opstaan. Kom ons gebruik opnuut hierdie genade en genadetyd tot eer en verheerliking van die Here. Want die dood hou vir ons geen vrees meer in nie.

Amen